SVK 3/1/2 (3)

GEHEIM

Foreign Shipping Appendix

STAATSVEILIGHEIDSRAAD : 16 JULIE 1979

Notule nr SVR 12/79

12

BESLUITE

EERSTE MINISTER

Verwelkom aanwesiges.

Afwesig: Dr P G J Koornhof
Minister A L Schlebusch

1. Brief van Krygkor insake vervaardiging van Ratkaste en Dryfaste

(a) Dr S W van der Merwe sal die inisiatief neem en die aangeleentheid met dr Koornhof bespreek en weer terugkom na die Staatsveiligheidsraad.

(b) Die Werkkomitee moet riglyne neerlê vir algemene beleid oor wapenfabrieke en fabrieke soortgelyk aan die wat in die onderhawige geval ter sprake is.

2. Brief van Persunie

Samesprekings met Persunie sal gereël word op datum wat ministers Horwood, Heunis, Schlebusch, M Steyn, R F Botha, Le Grange en S P Botha pas - of Woensdag, 22 Augustus, of oggend van 23 Augustus 1979.

3. Suidwes-Afrika

Eerste Minister lig die vergadering in oor samesprekings wat hy, minister R F Botha, mnr B Fourie en genl Malan met die Administrateur-generaal gevoer het oor die huidige situasie in Suidwes-Afrika.

30.8.79

...

Die Werkkomitee moet ondersoekspan - Buitelandse Sake, Weermag, Polisie, Nasionale Veiligheid en Eerste Minister se Kantoor - stuur om opname te maak en oor 14 dae verslag voor te lê oor wat die posisie is in Suidwes-Afrika. Dr Du Plessis (Finansies) kan ingesluit word. Buitelandse Sake is sameroeper.

Topleiers van verskillende politieke partye kan - as later so besluit word - genooi word om na Pretoria te kom vir samesprekings.

4. Minister Heunis-aangeleentheid

Staan oor na volgende vergadering.

5. Brief van Breyten Breytenbach se vader

Eerste Minister lig die Staatsveiligheidsraad in oor brief wat hy van die vader van Breyten Breytenbach ontvang het. Die Minister van Polisie sal later volledig verslag doen.

MINISTER L LE GRANGE

6. Gevangene Behrooz Behzadi Nejad

Met die oog op vorige besluit van die Staatsveiligheidsraad en die voorwaardes van begenadiging moet Nejad en familie so gou moontlik uit die land gesit word. Hy, sy vrou en kinders moet gedeporteer word.

MNR B G FOURIE

7. Ruacana Hydro-elektriese kragstasie

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis van die voorlegging. (Byl A)

Die saak staan oor tot na verdere samesprekings. Mnr Brand van SWAWEK moet oorleg pleeg met Spoorweë oor spoorlyn na Aggeneis.

3 / ...

## ALGEMEEN

8. Walvisbaai: Status en Administratiewe Bestuur

Paragrawe 12 en 15 goedgekeur. (Bylae B). Die Direkteur moet onder gedelegeerde bevoegdhede van die Administrateur van Kaapland optree.

Binnelandse Sake moet die nodige doen. Die Eerste Minister se Kantoor sal Binnelandse Sake inlig.

9. RSA optrede teen vreemde skepe met wapentuig aan boord

Bladsy 6, paragraaf 7(d) van voorlegging goedgekeur. (Bylae C).

Die Departement van Vervoer sal die verantwoordelike Departement wees.

10. Zimbabwe/Rhodesië - Korttermyn-strategieë

Bladsy 8, paragraaf 13, Taak 4 (Bylae D)

Wysigings soos deur mnr Fourie voorgestel en wat in die finale dokument opgeneem sal word, word goedgekeur.

11. Agendas en Notules van Staatsveiligheidsraad

Agendas en notules van die Staatsveiligheidsraad kan aan lede van die Werkkomitee verskaf word.

Die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë moet 'n permanente lid van die Werkkomitee word.

12. Ordening van Inligtingswese in die Republiek van Suid-Afrika

Die aangeleentheid moet na die Kabinet vir 'n besluit verwys word.

Die Minister van Gesondheid sal die aangeleentheid hanteer.

Minister Heunis

Minister Heunis lig die Staatsveiligheidsraad in oor kontrakte in verband met olievoorsiening. Alle moontlikhede moet ondersoek word.

14. Staatstrustraad

Getuienis van die Erasmus-kommissie moet aan die Staatstrustraad beskikbaar gestel word.

15. Strategieë

Elke lid van die Kabinet moet 'n afskrif van die SVR-goedgekeurde strategieë ontvang. Die Werkkomitee moet die werkwyse beplan sodat alle Departementshoofde ingelig word en hulle moet op hulle beurt Ministers inlig.